

ANCHOR ALCHEMY III

Saccharomyces cerevisiae

'n Gisversnit vir KOMPLEKSE rooiwyne.

**ANCHOR
ALCHEMY III**

KOMPLEKS

'n Gisversnit vir komplekse rooiwyne.

OORSPRONG:

Alchemy III is 'n wetenskaplik-geformuleerde versnit van verskillende wyngiste. Dit is ontwikkel in samewerking met die Australiese Wynnavorsingsinstituut (AWRI). Die gisversnit is geformuleer vir die produksie van die optimum aroma profiel.

TOEPASSING:

Die Alchemy III versnit is vir die produksie van komplekse rooiwyne. Hierdie versnit produseer baie hoe konsentrasies 2-feniel-etanol (roos), 2-fenieletiel asetaat (blom en vrug), β -ionoon (framboos) en asetaat esters (vrug en soet). 'n Gemeenskaplike eienskap van beide die Anchor Alchemy gisversnitte vir rooiwyn, is hul baie groot bydrae tot vrug aromas weens hul hoer totale ester- en etiel heksanoaat produksie. Hierdie aromas word verder verhoog deur die β -damaskenoon (viooltjie) produksie en 'n afname in metoksiepirasiene (wat vrugkarakters kan masker). Alchemy III produseer komplekse wyne, met goeie struktuur en mondgevoel en is geskik vir alle rooi varieteite.

FERMENTASIE EIENSKAPPE:

- Goeie fermenteerder
- Omsettingsfaktor: 0.57-0.62

TEGNIIESE EIENSKAPPE:

Koue toleransie:	16°C
Optimum temperatuurreeks:	16 - 28°C
Osmotoleransie:	26°Balling
Alkohol toleransie by 15°C:	15.5%
Skuimproduksie:	nee

METABOLIESE EIENSKAPPE:

Gliserol produksie:	8 - 11 g/l
Vlugtige suur produksie:	< 0.5 g/l
SO ₂ produksie:	geen tot baie laag
Stikstof behoefte:	medium

FENOTIPE:

- Killer: positief en negatief (moedertenk in plaas van direkte inokulasie sal die gisverhouding in die versnit versteur)
- HCDC: bevorder die vorming van pirano-antosianiene

DOSIS:

30 g/hl (geen propagering)

VERPAKKING:

Alchemy III is vakuumverpak in 1 kg pakke. Stoor in 'n koel (5 - 15°C), droe plek, verseel in die oorspronklike verpakking.



Anchor
OENOLOGY

Supporting you from grape to glass

Vir meer informasie, kontak Anchor Oenology:
Tel: +27 (0)21 534 1351 | Email: oenology@anchor.co.za | www.anchor.co.za
10 Cochrane Avenue, Epping, Cape Town, 7475

